

So is ons verraai (29)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (19)

'n Fundamentele koersverandering en die groot breuk, 1978 - 1983

Rhodes en ander groot mynbase is deur die Oppenheimer dinastie met sy enorme sakeryk van myn- en ander maatskappye opgevolg. Die grootste korporasie in hierdie dinastie, *Anglo American*, het ná apartheid steeds van krag tot krag gegaan en het in 'n stadium 'n groep maatskappye beheer wat gesamentlik meer as sestig persent gehou het van al die aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, (*Taylor: 69*). Die Oppenheimer besigheidskonglomeraat was heftig teen apartheid gekant — 'n standpunt wat mettertyd ook aanvaar is deur die handjievol Afrikaanse maatskappye wat ná 1948 tot die geleedere van Groot Besigheid gevorder het. Hierdie magnate het (ondanks die konsekwente filantropiese skyn) veelal dieselfde redes vir die verwerping van apartheid gehad, want die ontwrigting en verliese wat Suid-Afrikaanse besighede weens internasionale sanksies en boikotte gely het, het vanselfsprekend hulle argwaan teen die beleid gewek. Daarbenewens het die swart bevolkingsontploffing die koste van swart ontwikkeling — 'n essensiële element van die groot apartheidspan — geweldig laat styg. Die geld daarvoor is onder meer gevind deur groot verhogings van maatskappybelasting; en die magnate was hoegenaamd nie geneë om sulke opofferings ter wille van die Boere-Afrikaner se oorlewing te maak nie. Die magnate het ook 'n weersin gehad in die tradisionele NP-beleid, wat daarop gerig was om die gewone man teen die superkapitalisme se roekelose uitbuiting te beskerm. So, byvoorbeeld, het parastatale korporasies soos Yskor (Yster en Staal Korporasie) gesubsidieerde goedere aan sleutelindustriële gelewer teen pryse waarmee die geldmag nie kon meeding nie; en in sekere ekonomiese sektore is prysbeheer ingestel. Al hierdie maatreëls het die "vrye mark beperk". Wat die groot parastatale korporasies wat die "vrye mark beperk het" betref: hulle sou mooi inpas in die portefeulje van dieselfde mense wat die "beperkings op die vryemark" wou uitwis (*Hertzog: 72-73*).

Nadat dr. Verwoerd eers van die toneel verwyder is, het die geldmagnate al meer bondgenote onder Nasionale Partyleiers gevind. 'n Kloof wat lankal tussen die liberale Kaapse Nattes (die sogenaamde *Cape Nats*) en die meer konserwatiewe noorde bestaan het, het wyer geword. Dit is verder aangehelp deur die feit dat elk van die twee faksies mediadekking geniet het van twee opponerende Afrikaanse koerantgroepe binne die breër spektrum van die Nasionale Party. In die suide was die liberale Naspersgroep die mondstuk van die "linkervleuel" van die NP; en in noorde het Perskor die Transvaalse konserwatiewes se standpunte gedra. Uiteindelik het 'n bittere stryd tussen die twee persgroepe ontwikkel. In wese was dit 'n faksiestryd om dominansie in die NP te verkry, maar dit het veral daarom gegaan om die harte van die breë Boere-Afrikanervolk te wen en hul politieke denke te

oorheers. Omdat die geldmag ook teen apartheid gekant was, het Naspers finansiëel die oorhand gehad, en kort voor lank het dié persgroep die voorsprong in hierdie magstryd behaal. Gedurende die sewentigs het Naspers in Transvaal sy eie koerante in direkte kompetisie met die Perskor-koerante gevestig. Boonop is die konserwatiewe invloed binne-in Perskor self deur verskeie intriges sodanig verwater dat die linkse siening van die Nasionale Party teen 1977 in feitlik al die hoofstroom Afrikaanse publikasies stewig gevestig was. Die subtiele aanvalle op apartheid wat ná die dood van dr. Verwoerd deur die Naspers-publikasies in die suide geloods is, het nou landswyd in 'n bykans konstante stroom kritiek ontwikkel. 'n Beslissende stryd tussen die "linkse" en die "regse" faksies in die NP het onafwendbaar geword (*Hertzog:75-80*; sien ook die artikel "Perskor" by <https://af.wikipedia.org/wiki/Perskor>).

Die kragmeting het in die vorm van die sogenaamde "Inligtingskandaal" plaasgevind: Die leier van die pro-apartheid faksie in die NP was dr. C. Mulder, minister van Inligting. Hy is beskou as die persoon wat waarskynlik vir Vorster as eerste minister sou opvolg, Mulder en sy Departement het sedert die vroeë sewentigs verskeie klandestiene operasies geloods wat daarop gemik was om SA se internasionale isolasie te verbreek, die besigheidsvertroue wat daardeur geskaad is, te herstel en om die dekade lange propaganda wat plaaslik en in die buiteland teen Apartheid Suid-Afrika gevoer is, te stuit en om te keer. Om in dié doel te kon slaag, moes meeste van hierdie operasies in geheimhouding uitgevoer word; daarom was dit nie volgens normale prosedure goedgekeur nie en is dit uit geheime staatsfondse gefinansier. Gedurende 1977 het "n betroubare bron" die Departement van Inligting se sogenaamde "wanaanwending van staatsfondse", aan 'n regeringsvyandige Engelse koerant "gelek."

Die reaksie op hierdie onthulling was baie heftig, maar die nasleep daarvan binne die regerende party het gou getoon dat dit in wese oor die magstryd tussen die "liberale" en die "konserwatiewes" in die NP gegaan het. Alhoewel die hoofamptenaar agter die klandestiene operasies (Dr. Eschel Rhodie, Sekretaris van die Departement van Inligting) later deur die Appèlhof op alle aanklagte vrygespreek is, het dit die einde van Vorster en Mulder se politieke loopbane meegebring. Die "progressiewe" leier uit die suide, P.W. Botha, het in 1978 die nuwe eerste minister van Suid-Afrika geword. Hy sou die koers van die NP fundamenteel verander en die afwyking van die tradisionele NP-beleid wat reeds deur Vorster begin is, versnel (*Ries & Dommissie: 2-24; Harrison: 246*).

Botha het meeste van die maatskaplike skeidingsmaatreëls herroep, swart vakbonde gewettig, instromingsbeheer en die paswette afgeskaf en permanente Suid-Afrikaanse burgerskap van swartes buite die tuislande erken. Die laasgenoemde ommekeer het die doodsklok vir die tuislandbeleid gelui — welke beleid reeds onder druk was weens die klein blanke werkersklas en witmense se onwilligheid om handarbeid te verrig. Dié faktore het natuurlik 'n noodlottige afhanklikheid van swart handarbeid tot gevolg gehad. Die tuislandbeleid het ook ander probleme in die

gesig gestaar: blanke belastingbetalers het begin weerstand toon teen die konsolidasie en vergroting van tuislande en spesifiek teen die geweldige uitgawes wat dit meegebring het. Verder het die meeste tuislandleiers teen die laat 1970s ná besoeke aan die VSA téén die regering gedraai en laasgenoemde oor verskeie kwessies aangeval. Sommige van hulle het skielik 80% van SA geëis en ander het geweier om volle onafhanklikheid vir hul gebiede te aanvaar. Dreigemente van “bloedbaddens” het nie uitgebly nie (*Hertzog: 132-135; 162; Harrison 249-250, 273*).

Ten spyte van sulke terugslae was baie Boere-Afrikaners nie bereid om hulle swaar gewonne onafhanklikheid prys te gee nie. Desnieteenstaande het die meerderheid in die NP koukus onverbiddelik bly wegbeweeg van die standpunte van vorige leiers soos Malan en Verwoerd. Die eenheid wat gedurende die vorige dekades onder die volk geheers het, het tot 'n einde gekom.